# DIE OPVOEDKUNDIGE BEDRYWIGHEDE VAN DIE MORAWIESE BROEDERKERK ONDER DIE KLEURLINGE IN SUID-AFRIKA, 1737 - 1743; 1792 - 1950.

- 'n Histories-kritiese studie -.

deur

J.D. Schreuder, B.A., M.Ed. (Stell.)

'n Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes van die graad DOCTOR EDUCATIONIS, aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Promotor: Prof. J.C. Coetzee, M.A., M.Ed., D.Phil.

Desember 1951.

## V O O R W O O R D.

„Die Opvoedkundige bedrywighede van die Morawiese Broederkerk onder die Kleurlinge in Suid-Afrika" behels nie uitsluitlik 'n bespreking van die sendingskole en suiwer onderwysaangeleenthede nie, maar moet as 'n wisselwerking en wedersydse beïnvloeding tussen opvoeding en kultuur in die algemeen gesien word.

Omdat in hierdie verband 'n gebied betree is wat tot dusver nog vrywel onontgonne was, val daar natuurlik nie 'n lang lys van werke wat reeds die onderwerp in sy geheel of wel gedeeltelik dek, te vermeld nie. Spesiale vermelding verdien egter die verdienstelike werke van prof. H.P. Cruse, „Die opheffing van die Kleurlingbevolking"; J. du Plessis, „A History of Christian Missions in South Africa"; J.S. Marais, „The Cape Coloured People" en Adolf Schulze, „200 Jahre Brüdermission", Deel 2, waarin ten minste sekere aspekte van die eintlike onderwerp enigsins volledig behandel word. Behalwe bogenoemde werke is ook heelwat gebruik gemaak van dr. P.S. du Toit se „Onderwys in Kaapland" en dr. E.G. Malherbe se „Education in South Africa" waarin hoofsaaklik die ontwikkeling van die onderwysgeskiedenis in die algemeen met 'n sydelingse verwysing na Kleurlingonderwys beklemtoon word. Origens is heelwat literatuur en bronne wat in mindere of meerdere mate nuttig was, ook met vrug geraadpleeg.

Aangesien die gemelde werke uit die aard van die saak maar min gegewens vir hierdie studie opgelewer het, was ek byna uitsluitlik van primêre bronne soos bestuurlike stukke in die Staatsargief, Kaapstad, reisbeskrywings waarin terloops van opvoedkundige aangeleenthede melding gemaak word, onderwysverslae en inspeksierapporte van die Kaapse Onderwysdepartement en geskrifte in die Genadendalse Kerkargief, handelende oor die burgerlike, kerklike en opvoedkundige aangeleenthede van die Sending, afhanklik. Alhoewel daar in

sommige gemeentes nog ou dagboeke wat in 'n effens moeilik verstaanbare outydse Duits geskryf is, bestaan, is die meeste geskrifte vir gemeentelike werk deur medium van Hollands geskryf, terwyl die jongste in hierdie verband in Afrikaans opgestel is. Alle jaarberigte daarenteë is alleen in Duits beskikbaar.

Ten slotte is dit vir my aangenaam om die liggame en persone wat my by die navorsing en andersins behulpsaam was, te bedank. So is ek baie dank verskuldig aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Maatskaplike en Opvoedkundige Navorsing vir finansiële steun aan my verleen wat my in staat gestel het om die verskillende opvoedkundige fasiliteite op die Morawiese Sendingstasies te besigtig en sodoende waardevolle inligting van die sendelinge, Kleurlingleraars, onderwysers en ander verantwoordelike persone te bekom. Ofskoon dit onmoontlik is om al die vriendelike persone wat my van inligting bedien het, te noem, voel ek egter genoodsaak om die name van eerww. P.W. Schaberg, biskop en superintendent van die Morawiese Broederkerk en L.R. Schmidt, wat ongeveer 'n halwe eeu in diens van die Heer te Genadendal gestaan het, te vermeld.

Graag wil ek ook 'n besondere woord van dank aan die onderskeie personele van die Kerkargief te Genadendal, die Staatsargief te Kaapstad, die Openbare Biblioteek, Kaapstad, die Stadsbiblioteek, Johannesburg, asook die leraars in die verskillende Kleurlinggemeentes wat my alle moontlik geleentheid gebied het om waardevolle gegewens te bekom. Ook betuig ek hiermee spesiale dank aan twee kollegas, mnre. C. Boonzaaier en J. Benade wat my met die nalees van die manuskrip behulpsaam was.

Meer in die besonder wens ek egter dankbare hulde te bring aan my geliefde, ontslape prof. H.P. Cruse op wie se versoek hierdie werk onderneem is en veral aan my huidige

promotor, prof. J.C. Coetzee onder wie se bekwame en gewaardeerde leiding die werk uiteindelik voltooi is. Nie alleen het ek van hom besieling ontvang nie, maar deur sy simpatieke leiding en waardevolle kritiek kon ek daarin slaag om 'n duidelike voorstelling uit die massa materiaal op te bou. Ook aan hom my opregte dank.

Florida,
November, 1951. J.D. Schreuder.

---

As 'n blyk van hoogagting en waardering vir onselfsugtige diens word hierdie werk aan my geliefde, ontslape ouers opgedra.

---

# INHOUD.


| Hoofstuk. | | Bladsy. |
|---|---|---|
| I. | Die ontstaan, godsdienstige grondslae en filantropiese bedrywighede van die Unitas Fratrum of Broederkerk. | 1 - 38. |
| | 1. Die ontstaan van die Ou Broederkerk | 1 - 16. |
| | 2. Zinzendorf, die stigter van die Hernude Broederkerk. | 16 - 25. |
| | 3. Kerkinrigting en godsdienstige grondbeginsels van die Broederkerk | 25 - 32. |
| | 4. Sendingbedrywighede van die Morawiese Broeders. | 32 - 38. |
| II. | Georg Schmidt as sendelingonderwyser onder die Hottentotte, 1737-1744. | 39 - 59. |
| | 1. Voorgeskiedenis van Georg Schmidt | 39 - 40. |
| | 2. Aanleidende gebeurtenisse vir sy koms. | 40 - 42. |
| | 3. Aankoms, opdrag en werksaamhede wat sy sendingarbeid voorafgegaan het. | 42 - 44. |
| | 4. Opvoedkundige werksaamhede te Soetemelksvlei en Baviaanskloof. | 44 - 49. |
| | 5. Anti-beweging teen die Herrnhutters ten gevolge van besware van die Klassis van Amsterdam. | 49 - 56. |
| | 6. Pogings tot voortsetting van Schmidt se werk. | 56 - 59. |
| III. | Die Morawiese Broeders hervat hulle opvoedkundige werksaamhede onder die Hottentotte, 1792-1806. | 60 - 95. |
| | 1. Hernude pogings en gunstige omstandighede. | 60 - 65. |
| | 2. Aankoms, opdrag en skepping van opvoedkundige fasiliteite van die kruisgesante: Marsveld, Schwinn en Kühnel. | 65 - 74. |
| | 3. Antipatie van die koloniste en die verwydering daarvan. | 74 - 79. |
| | 4. Groei en uitbreiding tydens die Eerste Britse Besetting, 1795 - 1803. | 79 - 88. |
| | 5. Belangstelling van die Bataafse Bewindhebbers i.v.m. die verhoging van die beskawingspeil van Hottentotte en Pandoers, 1803 - 1806. | 88 - 95. |

| Hoofstuk. | | | Bladsy. |
|---|---|---|---|
| IV. | | Uitbreiding en opvoedkundige prestasies van 'n nuwe tydperk, 1806 - 1839. | 96 - 131. |
| | 1. | Vooruitgang en doelbewuste uitbreiding. | 96 - 110. |
| | 2. | Vooruitgang op godsdienstige en morele gebied. | 111 - 117. |
| | 3. | Onderwysbeleid van die Kaapse Owerhede. | 117 - 120. |
| | 4. | Onderwysfasiliteite aan die Hoofplaas. | 120 - 127. |
| | 5. | Onderwystoestande op sendingstasies in die binneland. | 127 - 131. |
| V. | | 'n Bloeitydperk - die bydraes van kampvegters vir die opvoeding en onderwys van Kleurlinge, 1839-1869. | 132 - 156. |
| | 1. | Uitbreiding na buite ondanks stoornisse. | 132 - 141. |
| | 2. | Vordering op kerklike, godsdienstige en morele gebied. | 141 - 146. |
| | 3. | Die Genadendalse Kweekskool vir opleiding van kwekelingonderwysers. | 146 - 151. |
| | 4. | Staatsteun vir sendingskole en onderwystoestande op hoof- en buitestasies. | 151 - 156. |
| VI. | | Opleiding van gekleurde mede-arbeiders en verdere vooruitgang van die Morawiese kerk- en skoolwese, 1869-1922. | 157 - 185. |
| | 1. | Toepassing van die „Mission Land Bill" en verdere uitbreiding na stad en platteland. | 157 - 168. |
| | 2. | Opleiding van Kleurlingleraars en buitengewone vordering op kerklike, godsdienstige en morele gebied. | 168 - 172. |
| | 3. | Die Genadendalse Kweekskool vir opleiding van kwekelingonderwysers. | 172 - 178. |
| | 4. | Groter staatsteun vir sendingskole en verbeterde onderwystoestande op hoof- en buitestasies. | 178 - 185. |

| Hoofstuk. | | Bladsy. |
|---|---|---|
| VII. | Nuutste ontwikkelings op kerklike en onderwysgebied, 1922-1950. | 186 - 234. |
| | 1. Jongste verwikkelings insake die skenkingstasies en verdere uitbreiding na buite. | 186 - 199. |
| | 2. Groter kerklike selfstandigheid en vordering op geestelike en morele gebied. | 199 - 215. |
| | 3. Vordering insake opleiding van Kleurlingonderwysers aan interkerklike inrigtings. | 215 - 222. |
| | 4. Ruimer fasiliteite vir primêre en sekondêre onderwys aan Morawiese Sendingskole. | 222 - 234. |
| VIII. | Samevatting, gevolgtrekkings en implikasies. | 235 - 270. |
| | 1. Samevatting. | 235 - 260. |
| | 2. Gevolgtrekkings. | 261 - 267. |
| | 3. Implikasies. | 267 - 270. |
| Literatuur en Bronne. | | 271 - 277. |

## OPGAWE VAN VERKORTINGS.

| | | |
|---|---|---|
| bv. | = | byvoorbeeld. |
| e.a. | = | en andere. |
| i.p.v. | = | in plaas van. |
| i.s. | = | insake. |
| i.v.m. | = | in verband met. |
| L.V. | = | Lid van die Volksraad. |
| L.P.R. | = | Lid van die Provinsiale Raad. |
| P.a. | = | per annum. |